

# KOERSVAS

Jaargang 3      Uitgawe 51      7 November 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Onkunde

By 'n onlangse kontakgeleentheid het 'n emeritus kwytgeraak dat die gemeente vir 24 minute die een kant van die saak gehoor het. Die gemeente moes net onthou dat elke saak twee kante het. Dr Otto se vinnige reaksie was om dankbaarheid uit te spreek dat die self-uitgedunde teenwoordiges darem 24 minute van die GHG se saak gehoor het. Dit na 4 jaar van NHKA amptelike korrespondensie afgewissel met stilswye.

Daar is verskillende vorme van onkunde, waarvan net een waarskynlik as regverdigbaar verstaan kan word. Daar is baie mense wat probleme het om te leer en te kommunikeer. Onkunde by mense met leeruitdagings is te verstane. Die ander vorme van onkunde is soms verklaarbaar en verstaanbaar, maar nooit verskoonbaar nie.

Onkunde weens gebrek aan belangstelling is waarskynlik die mees algemene vorm van onkunde. In die eeu van die inligting-ontploffing is 'n gebrek aan belangstelling dalk 'n goeie beskermingsmeganisme. Kom ons wees eerlik, dit is onmoontlik om alles van alles en almal te weet. Elkeen het 'n eie belangstellingsveld en dit is moontlik om redelik kundig te wees ten opsigte van die belangstellingsveld. Net so het elkeen verskillende belangevelde en dit is 'n heilsame opsie om ten minste redelik

kundig te wees ten opsigte van sekere belangevelde. Om binne 'n belangeveld onkundig deel te neem, maak van 'n persoon 'n manipuleerbare objek. Die grootste deel van die RSA se bevolking is ten tye van die algemene verkiesing nie meer as stemvee nie. Hulle onkunde en blinde lojaliteit maak van hulle blindelingse ondersteuners wat net hoef te weet waar om die kruisie te trek. Dit is opvallend dat selfs die sigbare agteruitgang in ons land nie die massa aanspoor om kundig te raak en dan anders te stem of korrekte druk op politici toe te pas nie. Dieselfde geld in baie ander belangevelde op nasionale en plaaslike vlak.

Deel van die probleem is dat mense se onkunde die resultaat is van volstruispolitiek. Lojaliteit en ander faktore soos eie trots maak dat mense nie foute en vergrype wil raaksien nie. Hulle word herhaaldelik gekonfronteer met probleme maar hulle ignoreer die inligting. Die tendens is om die persoon wat hulle attent maak op die sake, te verguis of verdag te maak.

Ons sou kon stel die mense se onkunde is weens misplaasde vertroue. Die Bybel herinner ons daaraan dat ons nie op prinse moet vertrou nie. Ons bly in hierdie bedeling en baie mense ervaar hierdie bedeling as bedreigend. Vertroue op die Here word dan aangevul met vertroue op mense en instansies. Dit is dwaas. Mense is sterflik, feilbaar, dien eie belange.

Instansies kan manipuleer word, kan van kern verander, van beleid verander, leuens vertel of selfs ophou bestaan. Mense vertrou hierdie “prinse”, omdat hulle die regte paaitaal gebruik.

Mense se onkunde is derhalwe dikwels weens waninligting. Die persone in beheer het ‘n direkte belang daarby dat die volgelinge geduldig gedwee bly luister (en betaal). Die relevante en belangrike (selfs deurslaggewende) inligting dien dikwels nie die maghebbers se belange nie en juis daarom word inligting verdraai, verswyg, vervang of net gedeeltelik gedeel. Inligting word manipuleer deur dit terug te hou, aan te vul of binne ‘n bepaalde emosionele raamwerk aan te bied. So byvoorbeeld het apartheid weer die skuld gekry vir die silo wat onlangs ingestort het. Die silo is jonger as 15 jaar maar die weerhou van inligting en die emosionele wanargument stel die volk skynbaar tevrede. Binne die NHKA is die GHG wat opgestaan het vir hulle geloof bekend as die “weerbarstiges”, die mense wat “afgeskei” het en ander minder vleierende emosionele gediertes. Meng emosionele taal met goed gesifte waninligting en jy het ‘n goeie betroubare heffingbasis as bron van inkomste.

Luiheid en onkunde gaan telkens hand aan hand. Daar is diegene wat lui is en wegkruip agter die vertroude argument. Eintlik gee hulle gewoon nie om nie, hulle wil net binne hul gemaksones kan bly. Hulle is gemaklik met inligtingbeheerde gewetes. Die ongemaklike waarhede word deur onkunde verbloem en hulle kan sorgvry beweeg binne die gemaksones van die lewe. Ander besluit vir hulle. Hulle het Pilatus hande. Iemand het by geleentheid gestel dat die persoon wat weet hoe polonies gemaak word, nooit weer daarvan sal eet nie. Daar is natuurlik diegene wat alles weet en gewoon nie omgee nie, of gemaklik is met die toedrag van sake.

Die blaam vir onkunde kan verdeel word tussen die wat weet en stilbly en die onkundiges. Binne die konteks van die twis

tussen die NHKA en die GHG gaan ampsdraers verantwoordelikheid moet aanvaar vir die onkunde van hele gemeentes.

## NUUSBROKKIES

- Op 30 Oktober 2014 het die Kuratorium tydens ‘n waardige plegtigheid ‘n samewerkingsooreenkoms met die APA (Afrikaanse Protestantse Akademie) onderteken. Die APA is ‘n Internasionaal-erkende tersiêre opleidingsinstansie. Enige vrae oor die opleiding van toekomstige predikante word deur hierdie ooreenkoms beantwoord. GHG predikante van die toekoms sal steeds akademies goed onderlê wees (soos tans die geval is), in Afrikaans opgelei, deur mense wat onvoorwaardelik by die belydenisskrifte staan. Baie geluk aan almal betrokke. (Die Skietlood bevat ‘n onderhoud met die Kuratorium voorsitter)

- Ds Dirk van Rooyen en sy gesin gaan deur ‘n moeilike tydperk in hulle lewens. Ds Dirk se broer is sowat drie weke gelede oorlede. Carmen, sy vrou, se vader is Saterdag skielik oorlede. Die begrafnis vind Vrydag 7 November plaas. Ons innige meegevoel aan almal wat deur hierdie afsterwes geraak is.

- Dr Johan Otto se vader is skielik oorlede. Die roudiens was Maandag gewees. Ons innige meegevoel aan almal wat deur hierdie afsterwe geraak is.

## KENNISGEWINGS

### Kuratorium

Die Kuratorium vergader in die tweede helfte van November 2014. Predikante en gemeentes wat by die GHG wil aansluit, moet so gou doenlik met ds Frans Oosthuizen kontak maak by [ds.frans@imagnet.co.za](mailto:ds.frans@imagnet.co.za). Dieselfde geld voornemende teologiese studente.

### Drukwerk

U word vriendelik daaraan herinner dat die poskantoor staking steeds aan die gang is. Daarmee saam gaan die drukkers ook

toemaak vir Kersfees. Plaas derhalwe u bestellings vir konsistorieboeke en dies meer so gou moontlik. U word vriendelik versoek om duidelik te onderskei tussen drukwerk vir die gemeente en die LEWENSBROOD III. Kwitansieboeke, konsistorieboeke en andere wat u bestel soos voorheen, moet aan die drukkers betaal moet word. LEWENSBROOD se gelde moet in die BOND se rekening inbetaal word. U moet net die bestelling (aantal) en die bewys van betaling aan Ella stuur wat maar net boekhou en kontroleer hoeveel bestellings geplaas is sodat daar volgens daardie getal LEWENSBROOD III gedruk kan word. Ella sal ook vanaf volgende week (as ons 'n faktuurboek gedruk het) namens die Bond fakture uitreik aan die gemeentes/individue en dit aan hulle voorsien.

Ons stel nog een week beskikbaar vir bestellings.

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**BANKBESONDERHEDE:**

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

### **Belangrike skakels om te gebruik:**

#### **Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

Webblad (Audio-preke van Bondsprekante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

#### **StedsHervormers**

Webblad

<http://www.stedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Stedshervormers/118368828245168>

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na  
[j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir opname in die volgende Koersvas.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

**MW PACKAGING**  
 by 018 381 1494.

# Lewensbrood 2015 Bestellings

**Prys: R80**

**Keerdatum:**

**Grasie vergunning 10 November 2014**

**Kontant by bestelling.**

**Betaal asseblief in die Bond se rekening in.**

**Stuur bewys van betaling saam met  
bestellings aan Ella**

**Epos: [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)**

**Enige gemeente wat meer as 30 bestellings  
plaas en betaal voor 31 Oktober kry  
R5 per boek afslag.**